# NOVEEN TER VOORBEREIDING OP DIE FEES VAN CORPUS CHRISTI



# INHOUD


Dag I: Die Kerk se Eucharistiese Geloof — Bl. 3

Dag II: Die Eucharistiese Maagd Maria — Bl. 5

Dag III: Die Eucharistiese en Die Salige Drie-Eenheid — Bl. 7

Dag IV: Die Eucharistiese en Die Opgestane Christus — Bl. 9

Dag V: Hoe ons innerlik deelneem aan Die Eucharistie — Bl. 11

Dag VI: Aanbidding en Eucharistiese Devosie — Bl. 13

Dag VII: Die Eucharistiese- en Priesterlike Spiritualiteit — Bl. 15

Dag VIII: Die Eucharistiese- en Geestelike Aanbidding — Bl. 17

Dag IX: Die Eucharistie:
'n Geheimenis om verkondig te word — Bl. 19



# DAG I - 9 DAE VOOR DIE FEES
## DIE KERK SE EUCHARISTIESE GELOOF

*V/* Kom ons begin:
*R/* In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

*R/* O Here Jesus Christus, U, wat ons u Kosbare Liggaam en Bloed as voedsel en drank geskenk het, gee dat ek, deur U gereeld in die Heilige Eucharistie te ontvang, in liggaam en gees versterk sal word om u heilige Wil te kan doen. Amen.

*"Dit is die werk van God:*
*Dat julle glo in die Een wat Hy gestuur het."* Johannes 6:29 (DV)

## DINK HIEROOR NA:

† Die Kerk se geloof is basies 'n Eucharistiese Geloof wat gevoed word by die tafel van die Heer.

† Die Sakrament van die Eucharistie vorm altyd die hart van die Kerk se lewe.

† "Danksy die Eucharistie word die Kerk altyd opnuut weer gebore!" (Pous Benedictus XVI)

† Hoe lewendiger die Eucharistiese Geloof van die Godsvolk, hoe dieper sal hul deelname aan die lewe van die Kerk wees en aan haar getroue verbintenis tot die sending, wat Jesus aan sy dissipels toevertrou het.

## VOORSPRAAK-GEBED

Ek dank U, Jesus, my Goddelike Verlosser, dat U aarde toe gekom het om ons te red en dat U die Sakrament van die Allerheiligste Eucharistie ingestel het om tot aan die einde van die wêreld by ons te wees. NOEM U VERSOEK HIER ...

VERVOLG MET: O Sakrament so Heilig, O Sakrament van God, aan U gee ek lofprysing en dank aan U, my God.

## BID NOU VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER, POUS FRANCISKUS:

- † Een ONSE VADER-GEBED;
- † Een WEES GEGROET MARIA-GEBED;
- † Een EER AAN DIE VADER-GEBED.

## SLOT-GEBED

*V/* Laat ons bid:

*R/* O Jesus, in die Sakrament van die Eucharistie het U vir ons 'n herinnering aan u Passie agtergelaat, ons bid U: Mag ons dié Heilige Geheimenis van u Liggaam en Bloed só vereer dat die vrug van die Verlossing steeds in ons sal toeneem, deur Christus onse Here. Amen.



# DAG II - 8 DAE VOOR DIE FEES
## DIE EUCHARISTIE EN DIE MAAGD MARIA

*V/* Kom ons begin:
*R/* In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

*R/* O Here Jesus Christus, U, wat ons u Kosbare Liggaam en Bloed as voedsel en drank geskenk het, gee dat ek, deur U gereeld in die Heilige Eucharistie te ontvang, in liggaam en gees versterk sal word om u heilige Wil te kan doen. Amen.

*"Toe het Hy saam met sy ouers vertrek en in Nasaret aangekom, en Hy was gehoorsaam aan hulle. Maar sy moeder het al hierdie dinge in haar hart bewaar."* Lukas 2:51 (DV)

### DINK HIEROOR NA:

† Maria is die groot Gelowige wat haar lewe vol vertroue in God se hande plaas, en haarself geheel en al aan sy Wil oorgee. (Pous Benedictus XVI).

† Soos die geheimenis verdiep, raak Maria volkome betrokke by die verlossingswerk van Jesus.

† Sy volhard in haar pelgrimsreis van geloof tot op die punt waar sy onder die Kruis gestaan het, die verskriklike lyding van haar moederhart verenig sy met die offerande van haar Seun, Jesus.

† Elke keer as ons in die Viering van die Eucharistie die Liggaam en Bloed van Christus nader, kyk ons ook na Maria, die Onbevlekte, wie se lewe ten nouste verbonde is met Jesus se heilswerk.

## VOORSPRAAK-GEBED

Jesus, dankie dat U onder die Eucharistiese vorm van brood en wyn u oneindige majesteit en u skoonheid verberg, dit waarin u Engele hulle verlustig, sodat ek die nodige moed sal hê om u Genadetroon te nader. NOEM U VERSOEK HIER ...

VERVOLG MET: O Sakrament so Heilig, O Sakrament van God, aan U gee ek lofprysing en dank aan U, my God.

## BID NOU VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER, POUS FRANCISKUS:

- † Een ONSE VADER-GEBED;
- † Een WEES GEGROET MARIA-GEBED;
- † Een EER AAN DIE VADER-GEBED.

## SLOT-GEBED

*V/* Laat ons bid:
*R/* O Jesus, in die Sakrament van die Eucharistie het U vir ons 'n herinnering aan u Passie agtergelaat, ons bid U: Mag ons dié Heilige Geheimenis van u Liggaam en Bloed só vereer dat die vrug van die Verlossing steeds in ons sal toeneem, deur Christus onse Here. Amen.



# DAG III – 7 DAE VOOR DIE FEES

## DIE EUCHARISTIESE EN DIE SALIGE DRIE-EENHEID

*V/* Kom ons begin:

*R/* In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

*R/* O Here Jesus Christus, U, wat ons u Kosbare Liggaam en Bloed as voedsel en drank geskenk het, gee dat ek, deur U gereeld in die Heilige Eucharistie te ontvang, in liggaam en gees versterk sal word om u heilige Wil te kan doen. Amen.

*Want Hy vir wie God gestuur het, spreek die woorde van God;*
*God skenk immers die Gees nie in geringe mate nie.* Johannes 3:34 (DV)

### DINK HIEROOR NA:

† In die Eucharistie omhels God se hele lewe ons eie lewe en word sy lewe deel van ons menswees. Onder die gedaante van brood en wyn, gee Jesus Homself as voedsel en drank aan ons. Jesus Christus, wat *"Homself deur die ewige Gees as vlekkelose offer aan God geoffer het"* (Hebreërs 9:14), maak ons, deur die gawe van die Eucharistie, deelagtig aan God se eie lewe.

† In die Sakrament van die Eucharistie heers daar 'n volmaakte gemeenskap van liefde tussen God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Die *"geheimenis van die geloof"* is 'n onderlinge liefdesgeheimenis tussen die Drie Persone van die Salige Drie-eenheid. Soos Sint Augustinus sê: *"As jy liefde sien, dan sien jy die Drie-eenheid."*

## VOORSPRAAK-GEBED

Ek dank U, Jesus, Goddelike Priester, dat U Uself daagliks as 'n Offerande op ons altare offer in aanbidding en eerbetoning aan die Allergeseënde Drie-eenheid, en daardeur ons eie armsalige en ellendige aanbidding verhef en waardig maak. NOEM U VERSOEK HIER ...

VERVOLG MET: O Sakrament so Heilig, O Sakrament van God, aan U gee ek lofprysing en dank aan U, my God.

## BID NOU VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER, POUS FRANCISKUS:

† Een ONSE VADER-GEBED;

† Een WEES GEGROET MARIA-GEBED;

† Een EER AAN DIE VADER-GEBED.

## SLOT-GEBED

*V/* Laat ons bid:

*R/* O Jesus, in die Sakrament van die Eucharistie het U vir ons 'n herinnering aan u Passie agtergelaat, ons bid U: Mag ons dié Heilige Geheimenis van u Liggaam en Bloed só vereer dat die vrug van die Verlossing steeds in ons sal toeneem, deur Christus onse Here. Amen.



# DAG IV - 6 DAE VOOR DIE FEES
## DIE EUCHARISTIESE EN DIE OPGESTANE CHRISTUS

*V/* Kom ons begin:

*R/* In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

*R/* O Here Jesus Christus, U, wat ons u Kosbare Liggaam en Bloed as voedsel en drank geskenk het, gee dat ek, deur U gereeld in die Heilige Eucharistie te ontvang, in liggaam en gees versterk sal word om u heilige Wil te kan doen. Amen.

*Want so dikwels as wat julle hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here, totdat Hy kom.*

1 Korintiërs 11:26 (DV)

### DINK HIEROOR NA:

† Die Liturgie van die Eucharistie is eintlik God se *aksie* wat ons deur die Heilige Gees na Christus toe optrek. Die basiese struktuur van die Heilige Mis is nie iets wat verander kan word nie. In sy brief aan die Korintiërs herinner die heilige Paulus ons daaraan dat wanneer hy oor die Eucharistie praat, dit nie iets is wat hy aan ander leer nie, maar iets is wat hy ontvang het (1 Korintiërs 3:11).

† By die viering van die Eucharistie gaan dit oor die lewende Tradisie van die Kerk wat die Offerande van die Eucharistie in gehoorsaamheid vier aan die Here Jesus se opdrag by die Laaste Avondmaal.

† Die Ou Testament tradisie het die eerste dag van die week as die begin van God se skeppingswerk beskou. Vir ons het die eerste dag van die week nou die dag van die "nuwe skepping" geword, waarop ons die Opstanding van Jesus uit die dood herdenk.

## VOORSPRAAK-GEBED

Ek dank U, liefdevolle Jesus, dat U Uself tot voedsel vir my gemaak het en dat U my in hierdie wonderbaarlike Sakrament van u Liggaam en Bloed met U verenig, sodat ek in U kan lewe. NOEM U VERSOEK HIER ...

VERVOLG MET: O Sakrament so Heilig, O Sakrament van God, aan U gee ek lofprysing en dank aan U, my God.

## BID NOU VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER, POUS FRANCISKUS:

- † Een ONSE VADER-GEBED;
- † Een WEES GEGROET MARIA-GEBED;
- † Een EER AAN DIE VADER-GEBED.

## SLOT-GEBED

*V/* Laat ons bid:

*R/* O Jesus, in die Sakrament van die Eucharistie het U vir ons 'n herinnering aan u Passie agtergelaat, ons bid U: Mag ons dié Heilige Geheimenis van u Liggaam en Bloed só vereer dat die vrug van die Verlossing steeds in ons sal toeneem, deur Christus onse Here. Amen.



# DAG V - 5 DAE VOOR DIE FEES
## HOE ONS INNERLIK DEELNEEM AAN DIE EUCHARISTIE

*V/* Kom ons begin:
*R/* In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

*R/* O Here Jesus Christus, U, wat ons u Kosbare Liggaam en Bloed as voedsel en drank geskenk het, gee dat ek, deur U gereeld in die Heilige Eucharistie te ontvang, in liggaam en gees versterk sal word om u heilige Wil te kan doen. Amen.

*"Om alle dinge – die dinge in die hemel en die dinge op die aarde – onder een Hoof in Christus saam te bring."* Efesiërs 1:10 (DV)

## DINK HIEROOR NA:

† Om op 'n sinvolle wyse deel te hê aan die Heilige Mis, moet alles wat ons doen ooreenstem met die wete dat hoe ons lewe en dit waarmee ons besig is die manier is hoe ons deelneem aan God se verlossingswerk vir die mensdom, wat op geheimenisvolle wyse aan ons bekend gemaak word.

† Hoe meer ons bewus word van hoe God onder ons aanwesig is, hoe groter word ons eerbied vir die Eucharistie en die respekvolle manier waarop ons met die Eucharistie omgaan.

† Elkeen moet kan ervaar en ook daarvan bewus wees en uiting daaraan gee dat ons by elke viering van die Eucharistie voor die oneindige majesteit van God te staan kom, Hy wat na ons toe kom onder die nederige gedaantes van brood en wyn. Verder behoort alle aanwesiges volledig, bewus en aktief aan die Eucharistie deel te neem.

† Dit beteken dat ons tydens die Eucharistieviering wakker, oplettend en met hart en gees betrokke daarby moet wees. Dit beteken ‘n dieper bewus wees van die geheimenis wat gevier word en die impak daarvan op ons daaglikse lewe. .

## VOORSPRAAK-GEBED

Ek dank U, my Jesus, vir die gawe van Uself in dié Allerheiligste Sakrament, en dat U dit so met die skatte van u Liefde verryk het dat U geen groter gawe het om aan my te gee nie. NOEM U VERSOEK HIER ...

VERVOLG MET: O Sakrament so Heilig, O Sakrament van God, aan U gee ek lofprysing en dank aan U, my God.

## BID NOU VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER, POUS FRANCISKUS:

- † Een ONSE VADER-GEBED;
- † Een WEES GEGROET MARIA-GEBED;
- † Een EER AAN DIE VADER-GEBED.

## SLOT-GEBED

*V/* Laat ons bid:
*R/* O Jesus, in die Sakrament van die Eucharistie het U vir ons ‘n herinnering aan u Passie agtergelaat, ons bid U: Mag ons dié Heilige Geheimenis van u Liggaam en Bloed só vereer dat die vrug van die Verlossing steeds in ons sal toeneem, deur Christus onse Here. Amen.



## DAG VI – 4 DAE VOOR DIE FEES
### AANBIDDING EN EUCHARISTIESE DEVOSIE

V/ Kom ons begin:
R/ In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

R/ O Here Jesus Christus, U, wat ons u Kosbare Liggaam en Bloed as voedsel en drank geskenk het, gee dat ek, deur U gereeld in die Heilige Eucharistie te ontvang, in liggaam en gees versterk sal word om u heilige Wil te kan doen. Amen.

*"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe, en saam met hom eet, en hy saam met My."* Openbaring 3:20 (DV)

### DINK HIEROOR NA:

† Daar is 'n diep verband tussen die viering van die Eucharistie en Eucharistiese aanbidding. Soos Sint Augustinus op 'n keer gesê het: *"Niemand eet die vlees sonder om dit eers te aanbid nie, dit sou 'n sonde wees om dit nie eers te aanbid nie."* In die Eucharistie kom die Seun van God ons tegemoet en begeer Hy om één met ons te word; eucharistiese aanbidding is bloot die natuurlike gevolg van die eucharistiese viering, wat op sy beurt die hoogste vorm van aanbidding in die Kerk is.

† Om die Eucharistie te ontvang beteken om Hom, wat ons ontvang, te aanbid. Slegs op hierdie wyse word ons één met Hom, en word ons as't ware 'n voorsmakie gegee van die hemelse liturgie.

† Eucharistiese aanbidding buite die Heilige Mis verleng en verdiep dit wat tydens die liturgiese viering plaasvind. Die aanbidding van die Allerheiligste Sakrament stel die gelowiges in staat om die liturgiese viering meer volkome en vrugbaar te ervaar.

† Wanneer kinders op hul Eerste Heilige Kommunie voorberei word, is dit belangrik dat hulle geleer word hoe sinvol en pragtig so ‘n tyd met Jesus is, en hoe ontsagwekkend sy Liggaamlike Teenwoordigheid in die Eucharistie eintlik is.

## VOORSPRAAK-GEBED

Ek dank U, my Jesus, nie net vir die feit dat U voedsel vir my geword het nie, maar ook dat U Uself as voortdurende offerande vir my redding aan u Ewige Vader opoffer. NOEM U VERSOEK HIER ...

VERVOLG MET: O Sakrament so Heilig, O Sakrament van God, aan U gee ek lofprysing en dank aan U, my God.

## BID NOU VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER, POUS FRANCISKUS:

† Een ONSE VADER-GEBED;

† Een WEES GEGROET MARIA-GEBED;

† Een EER AAN DIE VADER-GEBED.

## SLOT-GEBED

*V/* Laat ons bid:
*R/* O Jesus, in die Sakrament van die Eucharistie het U vir ons ‘n herinnering aan u Passie agtergelaat, ons bid U: Mag ons dié Heilige Geheimenis van u Liggaam en Bloed só vereer dat die vrug van die Verlossing steeds in ons sal toeneem, deur Christus onse Here. Amen.



# DAG VII - 3 DAE VOOR DIE FEES
## FEES VAN ONSE HERE JESUS CHRISTUS: DIE EWIGE HOË PRIESTER

## DIE EUCHARISTIESE- EN PRIESTERLIKE SPIRITUALITEIT

*V/* Kom ons begin:

*R/* In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

*R/* O Here Jesus Christus, U, wat ons u Kosbare Liggaam en Bloed as voedsel en drank geskenk het, gee dat ek, deur U gereeld in die Heilige Eucharistie te ontvang, in liggaam en gees versterk sal word om u heilige Wil te kan doen. Amen.

*Melgisedek, die koning van Salem, het brood en wyn gebring. Hy was 'n priester van God, die Allerhoogste.* Genesis 14:18 (DV)

## DINK HIEROOR NA:

† Elke priester se spiritualiteit is in wese eucharisties van aard. "Die saad van hierdie spiritualiteit vind 'n mens alreeds in die woorde wat die Biskop tydens die Wydingsliturgie gebruik: 'Ontvang die offerande wat die heilige volk aan God bied. Begryp wat u doen, en volg dit wat aan u toevertrou is sodat u in ooreenstemming met die geheimenis van die Here se Kruis sal lewe.'" (*Die Romeinse Pontifikaal, Rites vir die Wyding van 'n Biskop, van Priesters en Diakens,* Wyding van 'n Priester, Nr. 163.)

† "Die priester behoort, reeds vanaf sy seminarie jare al, 'n al hoe groter eucharistiese vorm aan sy lewe te gee deur die geestelike lewe sy hoogste prioriteit te maak." (Cf. Johannes Paulus II, Post-Sinodale Apostoliese Oproep *Pastores Dabo Vobis* 19-33; 70-81). Die priester word daartoe geroep "om God onvermoeid te soek, terwyl hy in voeling bly met die sorge

van sy broeders en susters".

† 'n Diep geestelike lewe sal hom in staat stel om al hoe inniger in gemeenskap met die Here te leef en homself oorgee om deur God se liefde in besit geneem te word, sodat hy te alle tye, selfs in die donkerste en moeilikste, 'n getuie daarvan sal wees". *Pastores Dabo Vobis* 38). Hierdie aanbeveling stem ooreen met die ewigsheidswaarde wat daar in elke viering van die Eucharistie te vinde is, en kom voort uit die unieke vrugbaarheid van die Heilige Mis. Indien dit met geloof en die regte aandag gevier word, is die Heilige Mis 'n ervaring wat vorm gee aan 'n priester se lewe, sy roeping versterk en hom al hoe meer soos Christus maak.

## VOORSPRAAK-GEBED

Jesus, één met die opoffering van Uself aan die Vader in die Heilige Offerande van die Mis, vra ek om hierdie spesiale guns. NOEM U VERSOEK HIER ...

VERVOLG MET: O Sakrament so Heilig, O Sakrament van God, aan U gee ek lofprysing en dank aan U, my God.

## BID NOU VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER, POUS FRANCISKUS:

† Een ONSE VADER-GEBED;
† Een WEES GEGROET MARIA-GEBED;
† Een EER AAN DIE VADER-GEBED.

## SLOT-GEBED

*V/* Laat ons bid:
*R/* O Jesus, in die Sakrament van die Eucharistie het U vir ons 'n herinnering aan u Passie agtergelaat, ons bid U: Mag ons dié Heilige Geheimenis van u Liggaam en Bloed só vereer dat die vrug van die Verlossing steeds in ons sal toeneem, deur Christus onse Here. Amen.



# DAG VIII - 2 DAE VOOR DIE FEES
## DIE EUCHARISTIESE- EN GEESTELIKE AANBIDDING

*V/* Kom ons begin:
*R/* In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

*R/* O Here Jesus Christus, U, wat ons u Kosbare Liggaam en Bloed as voedsel en drank geskenk het, gee dat ek, deur U gereeld in die Heilige Eucharistie te ontvang, in liggaam en gees versterk sal word om u heilige Wil te kan doen. Amen.

*"Of julle dan eet of drink of enigiets anders doen, doen alles tot eer van God."* 1 Korintiërs 10:31 (DV)

## DINK HIEROOR NA:

† Die Here Jesus, wat vir ons die voedsel van waarheid en liefde geword het, praat oor die gawe van sy lewe en verseker ons: *"As iemand van hierdie brood eet, sal hy vir ewig leef"* (Johannes 6:51). Hierdie *"ewige lewe"* begin nou alreeds in ons, danksy die transformasie wat daar in ons plaasgevind het deur die gawe van die Eucharistie: *"...so sal die een wat My eet, ook deur My leef"* (Johannes 6:57). Deur ons ontvangs van die liggaam en bloed van Jesus Christus word ons op 'n meer volwasse en bewuste manier deelagtig aan die goddelike lewe.

† In Sint Paulus se skrywe aan die Romeine doen hy 'n beroep op hulle om hul liggame *"beskikbaar te stel as 'n offer wat lewend en heilig is, en vir God aanneemlik,"* wat hulle geestelike aanbidding is (Romeine 12:1). Dié nuwe manier waarop die vroeë Christene begin aanbid het, het elke aspek van hul lewens aangeraak en omvorm, sodat, soos Sint Paulus sê, of hulle nou eet of drink of wat ook al hulle doen, doen hulle dit tot eer van God.

† Daar is niks wat waarlik menslik is – ons gedagtes, en ons gevoelens, ons woorde en dade – wat nie in die Sakrament van die Eucharistie die vorm ontvang wat dit nodig het om volledig uitgeleef te word nie. Om God só te aanbid word 'n nuwe manier om ons hele lewe uit te leef, waarin elke oomblik tot God verhef word.

## VOORSPRAAK-GEBED

Jesus, dankie dat U onder die Eucharistiese vorm van brood en wyn u oneindige majesteit en u skoonheid verberg, dit waarin u Engele hulle verlustig, sodat ek die nodige moed sal hê om u Genadetroon te nader. NOEM U VERSOEK HIER ...

VERVOLG MET: O Sakrament so Heilig, O Sakrament van God, aan U gee ek lofprysing en dank aan U, my God.

## BID NOU VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER, POUS FRANCISKUS:

- † Een ONSE VADER-GEBED;
- † Een WEES GEGROET MARIA-GEBED;
- † Een EER AAN DIE VADER-GEBED.

## SLOT-GEBED

*V/* Laat ons bid:
*R/* O Jesus, in die Sakrament van die Eucharistie het U vir ons 'n herinnering aan u Passie agtergelaat, ons bid U: Mag ons dié Heilige Geheimenis van u Liggaam en Bloed só vereer dat die vrug van die Verlossing steeds in ons sal toeneem, deur Christus onse Here. Amen.



# DAG IX - DIE DAG VOOR DIE FEES

## DIE EUCHARISTIE: 'N GEHEIMENIS OM VERKONDIG TE WORD

*V/* Kom ons begin:

*R/* In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

*R/* O Here Jesus Christus, U, wat ons u Kosbare Liggaam en Bloed as voedsel en drank geskenk het, gee dat ek, deur U gereeld in die Heilige Eucharistie te ontvang, in liggaam en gees versterk sal word om u heilige Wil te kan doen. Amen.

*"Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees "*

Matteus 28:19 (DV)

### DINK HIEROOR NA:

† Pous Franciskus het aan die begin van sy bediening gesê: "Daar is niks mooier as om deur die Evangelie verras te word nie, om as't ware oorrompel te word deur ons ontmoeting met Christus. Daar is niks mooier as om Hom te ken en met ander oor ons vriendskap met Hom te praat nie."

† Die aard van die Eucharistie vereis dat dit met almal gedeel moet word. Die instelling van die Eucharistie by die Laaste Avondmaal wys vooruit na die kern van Jesus se sending: Hy is die een wat deur die Vader gestuur is vir die verlossing van die wêreld (vgl. Johannes 3:16-17; Romeine 8:32).

† Dit is onmoontlik om die Eucharistiese tafel te nader sonder om by dié sending betrek te word, wat sy oorsprong in die hart van God het en bedoel is om alle mense te bereik. Die eerste en fundamentele sendingtaak wat ons by die viering van die Eucharistie ontvang is om met ons lewens getuienis te lewer, tot so mate dat Christus *'in ons leef'* (Galasiërs 2:20). Jesus Self is die getroue en ware getuie (vgl. Openbaring 1:5; 3:14), wat van die waarheid getuig het (vgl. Johannes 18:37).

- † Die vroeë Christene het selfs hul lewens afgelê as getuienis van hul geloof, iets wat die Kerk as die toppunt van die nuwe geestelike aanbidding beskou: "... om julle liggame beskikbaar te stel as 'n offer wat lewend en heilig is ..." (Romeine 12:1).
- † Die Christen wat sy of haar lewe in martelaarskap opoffer verkry volle gemeenskap met die Paasoffer van Jesus Christus en word dus saam met Hom Eucharistie. Aanbidding wat vir God welgevallig is gaan oor volharding in die Christenlewe wat gekenmerk word deur 'n blye en oortuigende getuienis.

## VOORSPRAAK-GEBED

Die Christen wat sy of haar lewe in martelaarskap opoffer verkry volle gemeenskap met die Paasoffer van Jesus Christus en word dus saam met Hom Eucharistie. Aanbidding wat vir God welgevallig is gaan oor volharding in die Christenlewe wat gekenmerk word deur 'n blye en oortuigende getuienis. NOEM U VERSOEK HIER ...

VERVOLG MET: O Sakrament so Heilig, O Sakrament van God, aan U gee ek lofprysing en dank aan U, my God.

## BID NOU VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER, POUS FRANCISKUS:

- † Een ONSE VADER-GEBED;
- † Een WEES GEGROET MARIA-GEBED;
- † Een EER AAN DIE VADER-GEBED.

## SLOT-GEBED

*V/* Laat ons bid:
*R/* O Jesus, in die Sakrament van die Eucharistie het U vir ons 'n herinnering aan u Passie agtergelaat, ons bid U: Mag ons dié Heilige Geheimenis van u Liggaam en Bloed só vereer dat die vrug van die Verlossing steeds in ons sal toeneem, deur Christus onse Here. Amen.